Laerskool Westwood
WESTWOOD
WEES GETROU
011 894 6639/0
18 Phillips Weg, Westwood, Boksburg.

# KULTUURBELEID

Deelname aan kultuuraktiwiteite is deel van Laerskool Westwood se ontwikkeling van leerders. Dit is daarom noodsaaklik dat die strukture en geleenthede geskep word waardeur leerders kompeterend kan deelneem. Met hierdie geleenthede kan die leerder kwalifiseer vir die volgende toekennings binne skoolverband :

a. Sertifikaat van Deelname
b. Sertifikaat van Gelukwensing
c. Sertifikaat van Verdienste
d. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie
e. Kultuurbalkie
f. Erekleure

<u>Puntetoekenning</u>

A+++ = 95% en hoër
A++ = 90% - 94,4%
A+ = 85% - 89,4%
A = 80%-84,4%
B+ = 75%-79,4%
B = 70%-74,4%
C = 0-69,4%

Leerlinge moet **by** ten minste 50% van alle oefeninge en alle optredes (siekte met doktersertifikaat uitgesluit), teenwoordig wees, om in aanmerking te kom vir enige van bogenoemde toekennings.

Slegs hoogste prestasie bereik gedurende die jaar word erken vir toekenning. Kunswedstryde moet deur die Bestuur goedgekeur word vir erkenning. Vanaf sertifikaat van Verdienste kan 3 toekennings akkumuleer tot ‘n hoër toekenning.

Erekleure word toegeken elke keer as dit behaal word, maar slegs een skoolwapen met die lourierkrans mag op die linker, boonste sak aangebring word. Erekleure balkies se bewoording en omraming sal in goud gedoen word en die gewone balkie in geel. Elke lid van ‘n/die koor/spreekkoor/groepoptrede ontvang die toekenning waarvoor die koor/hulle in aanmerking kom.

KULTUURSEUN EN KULTUURDOGTER (Junior & Seniorfase)

a. Slegs die hoogste toekenning sal aanvaar word.

b. Indien ‘n leerling slegs deur die Wessie dramaklas deelneem en nie onder die skool se naam ingeskryf word nie, kom sodanige leerling nie in aanmerking vir prestasie binne skoolverband nie. (Wel net vir erkenning vir prestasies buite skoolverband)

c. Om te kwalifiseer moet 'n leerling aan minstens **drie van die vyf** afdelings **en Redenaars (Afrikaans of Engels of albei binne skoolverband) deelneem** :

1. Afrikaanse items

2. Engelse items

3. Kuns

4. Musiek

5. Dans

Die volgende toekennings vir deelname buite skoolverband kan behaal word :

a. Sertifikaat van Deelname buite skoolverband. (Ander sertifikate word by skool ontvang).

1. REDENAARS

Die twee deelnemers, van Westwood, wat per graadgroep aan die Westwood Prestige Redenaars Kompetisie deelneem sal bepaal word by die Interne Redenaars n.a.v. die hoogste gemiddelde tydens die Interne Redenaars.

1.1. Sertifikaat van Deelname : C, B en B+ (0 -79,4%)

- Alle leerders wat aan ten minste, 1 ( 1 Afr of 1 Eng) by Interne Redenaars deelgeneem het ontvang hierdie toekenning.
- Leerders wat by 'n geaffilieerde organisasie bogenoemde punte behaal het.

1.2. Sertifikaat van Gelukwensing : A (80%-84,4%)

- Leerders wat ten minste 2 keer intern deelgeneem het ( Afr & Eng) of by 2 kunswedstryde deelgeneem het ontvang die toekenning.
- Leerders wat die korrekte puntetelling soos bo uiteengesit by enige 1 redenaars-item by 'n geaffilieerde organisasie behaal het.

1.3. Sertifikaat van Verdienste : A+ (85% - 89,4%)

- Leerder ontvang hierdie sertifikaat indien die leerder aan ten minste twee kompetisies deelgeneem het en indien die leerder ten minste **1 interne graadkompetisie gewen** het.
- Leerders wat die korrekte puntetelling soos bo uiteengesit by enige 1 redenaars-item by 'n geaffilieerde organisasie behaal het.
- Leerders wat deurdring en deelneem aan Gauteng. Dit moet 'n tussenrondte wees. (bv. Distrik, **Provinsiaal**, Nasionaal)

1.4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie : A++ (90% - 94,4%)

- Leerder ontvang hierdie toekenning indien hy / sy aan ten minste twee **eksterne kompetisies** (Westwood Prestige-aand, Kunswedstryd, ens) deelgeneem het en 'n wenner was op die Prestige Redenaarsaand.
- Leerder moet 'n A++ op geaffilieerde Kunswedstryd kompetisie behaal.
- Leerder wat kwalifiseer vir 'n akkumulasie. (3x opeenvolgend verdienste)

1.5. Balkie : A+++ (95% en hoër)

- Leerder ontvang 'n balkie indien hy / sy aangewys word as Westwood se redenaar van die jaar.
- Leerder 'n A+++ behaal tydens die Kunswedstryd by geafillieerde organisasie (95% en hoër)
- Leerder 'n itemwenner was by 'n geaffilieerde Kunswedstrydvereniging of soos deur die skool goed gekeur.
- Leerder wat nasionaal kwalifiseer en deelneem.
- Leerder wat kwalifiseer vir 'n akkumulasie. (3x opeenvolgend UP)

1.6 Erekleure : Nasionale wenners

- Nasionale wenner van erkende kompetisie bv. A.T.K.V. Redenaarsvereniging, Conspirito of enige geaffilieerde nasionale kompetisie.
- Leerder wat kwalifiseer vir 'n akkumulasie. (3x opeenvolgend Balkie)

2. KORE (JUNIOR & SENIOR KORE EN REVUE)

Om vir enige toekenning vir kore buite die skool (hoër) te kwalifiseer moet die leerling in L/S Westwood se koor/sanggroep/wikkelkoor sing en moet sodanige leerling vir 1 jaar of meer in die hoër koor sing

2.1 Sertifikaat van Deelname : C, B en B+ (0 -79,4%)

Met deelname aan Westwood Pops kwalifiseer ll'e ook vir die toekenning. Leerlinge moet ten minste **by** 50% van alle oefeninge en alle optrede teenwoordig wees, (siekte met doktersertifikaat uitgesluit), om in aanmerking te kom vir enige van bogenoemde toekenning.

2.2 Sertifikaat van Gelukwensing : A (80%-84,4%)

Leerders ontvang hierdie sertifikaat indien die leerling as deel van die koor ten minste 'n A tydens die geaffilieerde Kunswedstryd behaal of drie jaar en meer agtereenvolgens aan die koor/ wikkelkoor deelgeneem het.

2.3 Sertifikaat van Verdienste : A+ (85% - 89,4%)

Leerlinge ontvang hierdie sertifikaat indien **hul** as deel van die koor ten minste 'n A+ tydens die geaffilieerde Kunswedstryd kompetisie behaal.

2.4 Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie : A++ (90% - 94,4%)

- Leerlinge ontvang hierdie sertifikaat indien **hul** as deel van die koor ten minste 'n A++ tydens die geaffilieerde Kunswedstryd kompetisie behaal.
- Leerder wat kwalifiseer vir 'n akkumulasie. (3x opeenvolgend verdienste)

2.5 Balkie A+++ (95% en hoër)

- Itemwenner van 'n erkende kompetisie
- Indien 'n koor A+++ behaal
- Wanneer 'n leerling 'n lid is van die Oos Randse Kinderkoor of ander streekskore is.
- Leerder wat kwalifiseer vir 'n akkumulasie. (3x opeenvolgend UP)

2.6 Erekleure : Nasionale wenners

- Nasionale wenners van erkende kompetisie bv. A.T.K.V. / Conspirito kunswedstryd.
- Leerder wat kwalifiseer vir ‘n akkumulasie. (3x opeenvolgend Balkie)

3. KUNSWEDSTRYDKOMPETISIE

(Spraak, sang, kuns, dans, musiek – individue en groepsitems maar **redenaars uitgesluit**)

Slegs geafillieerde kompetisies se uitslae word in ag geneem. Die beste ses items vir die jaar word in aanmerking geneem vir evaluering vir toekenning as Kultuurleerling van die jaar. Die ses items moet deur die skool ingeskryf wees of leerlinge wat self inskyf moet onder skool se naam deelneem.

‘**n Leerling moet ten minste aan drie afdelings deelneem om in aanmerking te kom vir ‘n balkie.**

**Afdelings is** :

1. Afrikaanse item (lees, poësie, drama)
2. Engelse item (lees, poësie, drama)
3. Kuns
4. Musiek
5. Dans

**Indien ‘n leerling nie aan al drie afdelings deelgeneem het nie word die laer toekenning toegeken.**

3.1. Sertifikaat van Deelname : C,B en B+ (0 -79,4%)

Alle leerders/groep wat aan die Kunswedstryd deelneem en bogenoemde punte behaal.

3.2. Sertifikaat van Gelukwensing : A (80%-84,4%)

Leerder/groep ontvang hierdie sertifikaat indien hul ten minste ‘n A behaal het in die Kunswedstryd.

3.3. Sertifikaat van Verdienste : A+ (85% - 89,4%)

Leerder/groep ontvang hierdie sertifikaat indien hul ten minste ‘n A+ behaal het.

3.4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie : A++ (90% - 94,4%)

- Leerder/groep ontvang hierdie sertifikaat indien hul ten minste ‘n A++ behaal het.
- Leerder wat kwalifiseer vir ‘n akkumulasie. (3x opeenvolgend verdienste)

3.5. Balkie A+++ (95% en hoër)

- Leerder ‘n A+++ behaal tydens die Kunswedstryd by geafillieerde organisasie (95% en hoër)

- Leerder ‘n itemwenner was by ‘n geaffilieerde Kunswedstrydvereniging of soos deur die skool goed gekeur.
- Leerder wat nasionaal kwalifiseer en deelneem.
- Leerder wat kwalifiseer vir ‘n akkumulasie. (3x opeenvolgend UP)

3.6. Erekleure : Nasionale wenners

- Nasionale wenner van erkende kompetisie bv. A.T.K.V. Redenaarsvereniging, Conspirito of enige geaffilieerde nasionale kompetisie.

- Leerder wat kwalifiseer vir ‘n akkumulasie. (3x opeenvolgend Balkie)

**Slegs wedstrydkompetisie waar die skool amptelik geaffilieer is word erken. Leelinge mag aan die ander verenigings deelneem maar kom nie in aanmerking vir ‘n skooltoekenning nie. Leerlinge wat aan meer as 1 kunswedstryd deelneem in dieselfde items mag nie dieselfde stukke daar doen/voorlê nie. Bewyse, sertifikate sowel as opmerkings/evaluering moet dan aan die skool voorgelê word.**

4. SPANREDENAARS/ WIKKELKOOR/ SPREEKKOOR/ SANGGROEPE/ DANSGROEPE

Slegs geafillieerde kompetisies se uitslae word in ag geneem.

4.1. Sertifikaat van Deelname : C, B en B+ (0 -79,4%)

Die groep/span wat aan die Kunswedstryd kompetisie deelneem en bogenoemde punt behaal.

4.2. Sertifikaat van Gelukwensing : A (80%-84,4%)

Die groep/span wat aan die Kunswedstrydkompetisie deelneem en bogenoemde punt behaal.

4.3. Sertifikaat van Verdienste : A+ (85% - 89,4%)

Die groep/span moet ‘n A+ op geafillieerde Kunswedstryd-kompetisie behaal

4.4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie : A++ (90% - 94,4%)

- Die groep/span moet ‘n A++ op geafillieerde Kunswedstryd-kompetisie behaal.
- Leerder wat kwalifiseer vir ‘n akkumulasie. (3x opeenvolgend verdienste)

4.5 Balkie A+++ (95% en hoër)

- Die groep/span **moet** ‘n A+++ behaal tydens die Kunswedstryd van ‘n erkende geafilleerde kompetisie bv.Dell’ Arte / Conspirito.
- Itemwenners wees by ‘n erkende geaffilieerde organisasie
- Nasionaal kwalifiseer en deelneem
- Leerder wat kwalifiseer vir ‘n akkumulasie. (3x opeenvolgend UP)

4.6. Erekleure : Nasionale wenners

- Nasionale wenners van erkende Nasionale kompetisie bv. A.T.K.V./ Conspirito Kunswedstryd.

- Leerder wat kwalifiseer vir ‘n akkumulasie. (3x opeenvolgend Balkie)

5. NATUURLEWEKLUB

**Word nie in ag geneem vir Kultuurleerling van die jaar nie**

5.1. Sertifikaat van Deelname
Alle leerders wat ten minste 50% van die byeenkomste bygewoon het.

6. TONEEL

6.1 Sertifikaat van deelname - indien die leerder aan die Artklop toneelfees as deel van die dramaskool deelgeneem het.

6.2 Balkie – Leerder ontvang ‘n balkie as die groep aangewys word as itemwenner.

6.3 Balkie – Leerder ontvang ‘n balkie as die leerder aangewys word as ‘n individuele prysenswaardige karakter.